basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## GESKIEDENIS V1

## 2018

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: INSLUITING EN WAAGMANSKAP: DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: GEVALLESTUDIE – CHINA

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

   VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat nodig is om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: WAAROM HET KUBA IN DIE 1960's DIE BRANDPUNT VAN DIE KOUE OORLOG TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE GEWORD?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Gebruik Bron 1A.

1.1.1 Waarom, volgens die bron, het President Eisenhower dertien miljoen dollar aan die CIA beskikbaar gestel? (2 x 1) (2)

1.1.2 Identifiseer die TWEE lande waar die CIA Kubaanse uitgewekenes opgelei het om die inval van Kuba uit te voer. (2 x 1) (2)

1.1.3 Waarom, dink jy, het President Kennedy toegelaat dat die CIA met die inval van Kuba voortgaan? (2 x 2) (4)

1.1.4 Verduidelik die konsep *Amerikaanse imperialisme* in die konteks van die Kubaanse Missielkrisis. (1 x 2) (2)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Haal DRIE bewyse uit die bron aan wat te kenne gee dat die Sowjetregering kwaad was oor die taktiek wat die Amerikaanse regering teen Kuba gebruik het. (3 x 1) (3)

1.2.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe Khrushchev die 'gevaar van oorlog' wou uitskakel. (2 x 2) (4)

1.2.3 Verduidelik waarom 'n historikus die inligting in hierdie bron bruikbaar sou vind wanneer navorsing gedoen word oor die Sowjetunie se besluit om Kuba gedurende die Koue Oorlog te ondersteun. (2 x 2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1A en 1B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1A en Bron 1B verskil ten opsigte van die verhouding wat die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie met Kuba gehad het. (2 x 2) (4)

1.4 Raadpleeg Bron 1C.

1.4.1 Waarom, volgens die bron, het Castro Khrushchev om bystand gevra? Gee DRIE redes. (3 x 1) (3)

1.4.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op hoe die Verenigde State van Amerika oor die oprigting van missielterreine in Kuba uitgevind het. (2 x 2) (4)

1.4.3 Hoe het President Kennedy en sy raadgewers op die ontdekking van die missielterreine in Kuba gereageer? Haal TWEE frases uit die bron aan. (2 x 1) (2)

1.5 Verwys na Bron 1D.

1.5.1 Verduidelik waarom die VSA in 1962 besluit het om 'n vlootblokkade op Sowjetskepe af te dwing wat probeer het om Kuba binne te vaar. (2 x 2) (4)

1.5.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om die impak van die Amerikaanse militêre basisse op Kuba te verduidelik. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik waarom Kuba in die 1960's die brandpunt van die Koue Oorlog tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie geword het. (8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE INMENGING DEUR BUITELANDSE MAGTE TUSSEN 1974 EN 1976 KOUE OORLOG-SPANNING IN ANGOLA VERERGER?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Gebruik Bron 2A.

2.1.1 Verduidelik die konsep *onafhanklikheid,* in die konteks van Angola in die 1970's. (1 x 2) (2)

2.1.2 Noem die DRIE militêre bewegings in die bron wat vir Angola se onafhanklikheid van koloniale oorheersing geveg het. (3 x 1) (3)

2.1.3 Gee TWEE bepalings van die Alvor-ooreenkoms, soos in die bron aangehaal. (2 x 1) (2)

2.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik wat met die frase 'Angola het in 'n Koue Oorlog-slagveld ontwikkel' geïmpliseer word. (2 x 2) (4)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Volgens die inligting in die bron, watter Angolese bevrydingsbeweging het in Julie 1975 wapens van die CIA ontvang? (1 x 1) (1)

2.2.2 Haal DRIE maniere uit die bron aan wat toon dat die Verenigde State van Amerika UNITA ondersteun het. (3 x 1) (3)

2.2.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die CIA vals inligting oor die Sowjetunie en Kuba versprei het. (2 x 2) (4)

2.3 Verwys na Bron 2C.

Gebruik die visuele leidrade in die bron en verduidelik die boodskappe wat in die spotprent oorgedra word ten opsigte van:

2.3.1 Die Sowjetunie (Rusland) se betrokkenheid in Angola (2 x 2) (4)

2.3.2 Die Verenigde State van Amerika se reaksie op die Sowjetunie se betrokkenheid in Angola (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

2.4 Lees Bron 2D.

2.4.1 Identifiseer die Angolese bevrydingsbeweging in die bron wat Kuba se bystand gevra het. (1 x 1) (1)

2.4.2 Waarom, volgens die bron, het 'n Kubaanse afvaardiging Angola in Augustus 1975 besoek? (2 x 1) (2)

2.4.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Kuba bereid was om Agostinho Neto 'dramaties' meer militêre steun te gee as waarvoor hy gevra het. (2 x 2) (4)

2.4.4 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die betrokkenheid van buitelandse magte by die Angolese burgeroorlog navors. (2 x 2) (4)

2.5 Bestudeer Bron 2C en 2D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 2C verskil van die inligting in Bron 2D ten opsigte van die betrokkenheid van buitelandse magte in die Angolese Burgeroorlog. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die inmenging deur buitelandse magte Koue Oorlog-spanning tussen 1974 en 1976 in Angola vererger het. (8)
**[50]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 3: WAT WAS DIE REAKSIES OP DIE STIGTING VAN DIE BLACK PANTHER-PARTY IN DIE 1960's IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Verduidelik die konsep *Swart Mag* in die konteks van die stigting van die Black Panther-party. (1 x 2) (2)

3.1.2 Haal TWEE leiers uit die bron aan wat in 1966 die Black Panther-party gestig het. (2 x 1) (2)

3.1.3 Gebruik die inligting in die bron en noem enige TWEE eise in die Black Panther-party se tienpuntmanifes. (2 x 1) (2)

3.1.4 Waarom dink jy het die optrede van die Black Panther-party tot 'gespanne verhoudings met wetstoepassingsagentskappe' gelei? (2 x 2) (4)

3.2 Gebruik Bron 3B.

3.2.1 Verduidelik waarom hierdie artikel op die voorblad van *The Sacramento Bee*-koerant verskyn het. (2 x 2) (4)

3.2.2 Lewer kommentaar op die hoofopskrif 'KONGRES-GEBOU INGENEEM' ('CAPITOL IS INVADED') in die konteks van die strategie wat deur die Black Panther-party aangeneem is. (2 x 2) (4)

3.3 Verwys na Bron 3A en 3B. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 3A die inligting in Bron 3B ondersteun ten opsigte van die strategieë wat die Black Panther-party gebruik het. (2 x 2) (4)

3.4 Raadpleeg Bron 3C.

3.4.1 Identifiseer enige TWEE frases in die bron wat te kenne gee dat die Black Panther-party in die 1970's wydverspreide steun in die Verenigde State van Amerika ontvang het. (2 x 1) (2)

3.4.2 Maak 'n lys van enige DRIE gemeenskapsprojekte in die bron wat deur die Black Panther-party begin is. (3 x 1) (3)

3.4.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom jong mense die Black Panther-party as 'aan die voorpunt van die rewolusie' beskou het. (2 x 2) (4)

3.5 Bestudeer Bron 3D.

3.5.1 Haal 'n bewys uit die bron aan wat te kenne gee dat die FBI krities oor die Black Panther-party was. (1 x 1) (1)

3.5.2 Verduidelik waarom jy dink dat Hoover gesê het dat die Black Panther-party 'die grootste bedreiging vir die interne veiligheid van Amerika' verteenwoordig het. (2 x 2) (4)

3.5.3 Noem enige TWEE aksies in die bron wat tydens polisieklopjagte uitgevoer is om die Black Panther-party te vernietig. (2 x 1) (2)

3.5.4 Lewer kommentaar op waarom 'n historikus hierdie bron bruikbaar sal vind wanneer navorsing oor die FBI se reaksie op die Black Panther-party gedoen word. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om die reaksies op die stigting van die Black Panther-party in die 1960's in die Verenigde State van Amerika te verduidelik. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

### VRAAG 4: GEVALLESTUDIE – CHINA

Bespreek krities die implementering van Mao Zedong se beleid, die 'Groot Sprong Vorentoe' en die 'Kulturele Rewolusie' tussen 1957 en 1969 in die Volksrepubliek van China. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

Verduidelik tot watter mate Tanzanië meer suksesvol as die Kongo was om die politieke, ekonomiese en maatskaplike uitdagings waarmee hulle na onafhanklikheidswording in die vroeë 1960's gekonfronteer is, te oorkom.

Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

Die sitbetogings was die enigste vorm van nie-gewelddadige protes wat in die 1960's suksesvol deur burgerregte-aktiviste gebruik is om segregasie en diskriminasie in die Verenigde State van Amerika te beëindig.

Stem jy met hierdie stelling saam? Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## GESKIEDENIS V1

## 2018

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## VRAAG 1: WAAROM HET KUBA IN DIE 1960's DIE BRANDPUNT VAN DIE KOUE OORLOG TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE GEWORD?

### BRON 1A

Hierdie bron verduidelik hoe President Eisenhower en President Kennedy van die Verenigde State van Amerika gereageer het toe Kuba in die 1960's 'n kommunistiese land geword het.

President Eisenhower het vroeg al vermoed dat Castro Cuba die kommunistiese weg sou laat inslaan. Hy het dus in Maart 1960 die gebruik van dertien miljoen dollar in die geheim gemagtig om Kubaanse uitgewekenes, die mense wat uit Kuba gevlug het, op te lei om Kuba in te val en Castro te verwyder.

Ongeveer vyftienhonderd (1 500) uitgewekenes het vrywillig onderneem om vir hierdie taak deur die Amerikaanse Intelligensiediens (CIA) opgelei te word. Hierdie hoogs geheime opleiding het in die sentraal-Amerikaanse lande, Guatemala en Nicaragua, plaasgevind.

Toe President Kennedy die amp oorgeneem het, het hy die Kubaanse probleem geërf. Hy is deur die Eisenhower-regering ingelig oor die planne om Castro te verwyder. Alhoewel Kennedy verras was, het hy tog toegelaat dat die CIA en die Kubaanse uitgewekenes voortgaan. Wetende dat dit egter vir 'n magtige nasie sleg sou lyk om so 'n klein eiland binne te val, het hy geweier om die Amerikaanse weermag te betrek: Amerikaanse militêre vliegtuie sou nie toegelaat word om die inval te dek nie. Kennedy het gehoop dit sou lyk of die Verenigde State geen rol hierin gespeel het nie. Die CIA en die 1 500 uitgewekenes, wat daarvan seker was dat die Kubane sou opstaan en hulp verleen met hulle poging teen Castro, het op 17 April 1961 met hulle inval by die moerasagtige strandgebied, bekend as die Bay of Pigs, voortgegaan.

Castro het deur informante van die beplande inval deur uitgewekenes uitgevind en sy weermag was met Sowjet-vervaardigde tenks gereed. Die nederlaag van die invallende uitgewekenes was vinnig en volledig. Dit was duidelik dat die mislukte inval deur die Verenigde State gesteun is, want die groep uitgewekenes sou nooit so georganiseerd en dapper kon gewees het nie …

Stewig in die kommunistiese kamp, was Castro nou teen Amerikaanse imperialisme.

[Uit http://ic.galegroup.com/ic/uhic/ReferenceDetailspage/ReferenceDetailsWindow? Toegang op 18 November 2017 verkry.]

**BRON 1B**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n brief wat op 18 April 1961 deur die Sowjet-Premier, Nikita Khrushchev, aan die Amerikaanse President, JF Kennedy, geskryf is. Hierin is daar 'n beroep gedoen dat die Verenigde State van Amerika se aggressie teen Kuba tot 'n einde moes kom.

Meneer die President, in 'n tydperk van verontrusting, belaai met die gevaar van die beëindiging van wêreldvrede, stuur ek vir jou hierdie boodskap. Gewapende aggressie teen Kuba is begin. Dit is vir niemand 'n geheim dat die gewapende bendes wat hierdie land binnegeval het, in die Verenigde State van Amerika opgelei, toegerus en bewapen is nie. Die vliegtuie wat Kubaanse stede bombardeer, behoort aan die Verenigde State van Amerika, en die bomme wat hulle laat val, word deur die Amerikaanse regering verskaf.

Al hierdie dinge veroorsaak hier in die Sowjet-Unie 'n verstaanbare gevoel van verontwaardiging (woede) deur die Sowjetregering en die Sowjetvolk.

Ons het onlangs deur ons onderskeie verteenwoordigers menings uitgeruil en ons het gepraat oor die wedersydse begeerte om gesamentlike pogings aan te wend wat daarop gemik is om die verhouding tussen ons lande te verbeter en die gevaar van oorlog uit te skakel. Hoe kan dit wat die Verenigde State in werklikheid gedoen het, begryp word, waar 'n aanval op Kuba nou 'n feit geword het?

Dit is nog nie te laat om die onherstelbare (skade) te vermy nie. Die regering van die VSA het nog steeds die moontlikheid om deur ingrypings nie die vlam van oorlog in Kuba te laat ontvlam en dit te laat groei tot onvergelykbare verwoesting nie.

Wat die Sowjetunie betref, moet daar geen fout oor ons posisie gemaak word nie: Ons sal die Kubaanse volk en hul regering alle nodige hulp verleen om 'n gewapende aanval op Kuba te verdedig.

[Uit *The Kennedy-Khrushchev Letters* deur T Fensch, red.]

**BRON 1C**

Hierdie bron verduidelik hoe President Khrushchev Kuba bygestaan het.

Alhoewel hy die Kubaanse uitgewekenes oorwin het wat by die Bay of Pigs ingeval het, was Castro bang dat Amerika steeds Kuba wou inval om van hom ontslae te raak, die regering te verander, en die Kubaanse kommunistiese rewolusie te vernietig. Daarom het hy sy vriend, Sowjet-voorsitter Khrushchev, om meer bystand gevra.

Khrushchev het begin om in die geheim kernmissiele na Kuba te stuur. Massa-vernietigingswapens was nou slegs 90 myl van die Verenigde State van Amerika af. Khrushchev en Castro het waarskynlik geglo dat hierdie dodelike missiele Amerika sou oortuig om Kuba met rus te laat. Hulle was verkeerd.


Met die gebruik van spesiale spioenasievliegtuie wat met kragtige kameras toegerus was, het die Verenigde State van Amerika uitgevind dat missielterreine in aanbou was en ook tot die gevolgtrekking gekom dat Sowjetskepe vanaf Rusland na Kuba gevaar het met aanvalsmissiele (hulle het nie geweet dat sommige van hierdie missiele Kuba alreeds bereik het nie).

President Kennedy en sy raadgewers was baie geskok en kwaad oor hierdie ontdekkings. Hulle het gevoel dat hulle op hierdie situasie moes reageer. Die probleem was: 'hoe?' Wat moes hulle doen oor die moontlikheid dat kernmissiele slegs 90 myl van hulle af op hulle gerig was?

[Uit *On the Brink: from the Bay of Pigs to the Cuban Missile Crisis* deur M Mooney]

**BRON 1D**

Die kaart hieronder illustreer 'n vlootblokkade wat die Verenigde State van Amerika in Oktober 1962 op Sowjetskepe wat Kuba wou binnevaar, opgelê het.




[Uit http://libguides.monroe2boces.org. Toegang op 9 Februarie 2018 verkry.]

**VRAAG 2: HOE HET DIE INMENGING DEUR BUITELANDSE MAGTE TUSSEN 1974 EN 1976 KOUE OORLOG-SPANNING IN ANGOLA VERERGER?**

**BRON 2A**

Hierdie bron verduidelik hoe die MPLA, FNLA en UNITA om beheer oor Angola geveg het nadat dit in 1975 onafhanklikheid verkry het.

Drie groot militêre bewegings het sedert die 1960's vir Angolese onafhanklikheid geveg. Die Popular Movement for the Liberation of Angola (MPLA) was 'n Marxistiese organisasie wat in die hoofstad, Luanda, gesetel was en onder leiding van Agostinho Neto was. Die National Front for the Liberation of Angola (FNLA), onder leiding van Holden Roberto, was in die noorde van die land gevestig en het sterk bande met die Amerikaanse bondgenoot, Mobutu Sese Seko, in die naburige Zaïre gehad. Die National Union for the Total Independence of Angola (UNITA), 'n uitloper van die FNLA, is deur Jonas Savimbi gelei en deur die land se grootste etniese groep, die Ovimbundu, ondersteun.

Na aanleiding van die Portugese staatsgreep het hierdie drie rewolusionêres in Januarie 1975 met verteenwoordigers van die nuwe Portugese regering vergader en die Alvor-ooreenkoms onderteken wat Angolese onafhanklikheid verleen het en voorsiening gemaak het vir 'n drievoudige magsdelingstelsel. Vertroue onder die drie groepe het egter vinnig afgebreek, en die land is in 'n burgeroorlog gedompel, waar elkeen om alleenmag gewedywer het.

Die krisis in Angola het in 'n Koue Oorlog-slagveld ontwikkel, aangesien die supermoondhede en hul bondgenote militêre hulp aan hul voorkeurklante gelewer het. Die Verenigde State van Amerika het hulp en opleiding aan beide die FNLA en UNITA verskaf terwyl troepe uit Zaïre Holden Roberto en sy vegters gehelp het. China het ook militêre instrukteurs gestuur om die FNLA op te lei. Die Sowjet-Unie het militêre opleiding en toerusting aan die MPLA verskaf. Gedurende die somer van 1975 was die Sowjet-ondersteunde MPLA in staat om sy mag in Luanda te konsolideer en die Amerikaans-ondersteunde FNLA uit die hoofstad te verdryf, maar die FNLA het voortgegaan om aan te val.

[Uit http://history.state.gov/milestones/1969–1976/angola. Toegang op 16 September 2017 verkry.]

**BRON 2B**

Die bron hieronder dui aan hoe die Verenigde State van Amerika UNITA gedurende die Angolese Burgeroorlog ondersteun het.

Die Amerikaanse Intelligensiediens (CIA) het in Julie 1975 sy eerste groot verskeping wapens aan die FNLA gemaak. Soos die Russe en die Chinese, het Amerika dus hulp aan een kant van die Angolese burgeroorlog verleen op 'n vlak wat veel groter was as wat dit ooit in die stryd teen Portugese kolonialisme was.


Amerika was opvallend direk by die burgeroorlog betrokke. Benewens opleiding van Angolese vegeenhede, het Amerikaanse personeel heelwat vlugte tussen Zaïre en Angola gemaak om verkennings- en voorsieningsmissies uit te voer. Die CIA het meer as 'n miljoen dollar aan 'n ambisieuse huursoldaatprogram bestee. Verskeie berigte het in die Amerikaanse pers verskyn, waarin beweer is dat baie Amerikaanse guerrillavegters besig was om in Angola teen die MPLA te veg, van 'talle' tot '300', en dat baie ander in die Verenigde State van Amerika gewerf en opgelei word om by hulle aan te sluit. Maar John Stockwell, die hoof van die CIA se Angola-taakmag, stel die aantal Amerikaanse huursoldate wat uiteindelik in Angola was, op slegs 24. Die CIA het ook die bewapening van Britse huursoldate (wat in Angola geveg het) gefinansier.

Die Minister van Buitelandse Sake, Henry Kissinger, het agterna die Senaat ingelig dat 'die CIA nie betrokke is' by die werwing van huursoldate vir Angola nie … Joernaliste, wat belangrike nuusdienste verteenwoordig het, is gewerf en sodoende kon die Diens (CIA) internasionale dekking van vals verslae vir Sowjetraadgewers in Angola genereer. Een CIA-storie, wat deur UNITA aan die pers bekend gemaak is, was dat 20 Russe en 35 Kubane gevange geneem is. Nog 'n leuen was dat verkragtings in Angola na bewering deur Kubaanse soldate gepleeg is; dit is vererger om hulle gevangeneming, verhoor en teregstelling in te sluit …

[Uit https://williamblum.org/chapters/killing-hope/angola. Toegang op 20 September 2017 verkry.]

**BRON 2C**

Hierdie spotprent deur Bob Connolly het op 27 November 1975 in die *Rand Daily Mail* verskyn. Die titel is 'Oor die Vingers Getik ("Knuckle-rapping")' en toon Henry Kissinger (die Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake) wat die Russiese hand met 'n 'olyftak' slaan.




[Uit *Conflicting Missions: Havana, Washington, Pretoria* deur P Gleijeses]

**RUSSIESE GREEP IN AFRIKA**

**KISSINGER**

**BRON 2D**

Hierdie uittreksel bevat 'n verduideliking deur Raul Diaz Arguelles, hoof van *Decima Direccion* (die spesiale taakmag wat in beheer van alle Kubaanse oorsese militêre missies is) oor waarom Kuba vanaf 1975 in Angola betrokke geraak het.

'Ons het op Sondag, 3 Augustus, in Luanda, Angola, aangekom en die MPLA gekontak,' het Diaz Arguelles aan Raul Castro verslag gedoen … 'In ons eerste gesprek met Neto … het ons die doel van ons besoek verduidelik wat ons op die volgende punte gebaseer het:

- Die versoek wat deur die MPLA gerig is … in Januarie en die versoek wat later in Mosambiek aan Cheito (Xiyeto), die stafhoof van FAPLA gerig is.
- Ons wou duidelikheid kry oor watter bystand ons moes verleen, gegewe die FNLA en Mobutu se aggressie teenoor die MPLA en die moontlike verloop van gebeure voor onafhanklikheid in November. Ons het geweet dat die magte van reaksie en imperialisme al hulle mag (krag) sou gebruik om te voorkom dat die MPLA beheer oorneem, want dit sou 'n progressiewe regering in Angola beteken. Daarom het ons vir Neto die militante solidariteit van ons Opperbevelvoerder, ons party en ons regering gebring, en ons het hom 100 000 dollar gegee.

Die Angolese het gedurende die gesprek oor die gebrek aan bystand uit die sosialistiese kamp gekla en hulle het uitgewys dat, as die sosialistiese kamp hulle nie help nie … terwyl die imperialiste (VSA) die FNLA op elke moontlike manier help. Hulle het ook gekla dat die Sowjetunie in 1972 opgehou het om hulle te help en dat die militêre bystand wat hulle nou stuur, nietig (waardeloos) is, gegewe die enormiteit (omvangrykheid) van die behoefte …'

Intussen is Diaz Arguelles se voorstel van 'n militêre missie dramaties (op groot skaal) in Havana uitgebrei. Die hersiene plan het gevra vir die versending van 480 man wat personeelopleidingsentrums sou skep (stig), wat 5 300 Angolese in drie tot ses maande sou oplei. Kuba sou die wapens verskaf, asook kos, klere, kampgereedskap, toiletware, medisyne, veldbeddens en beddegoed. Kuba het met ander woorde besluit om Neto byna vyf keer meer instrukteurs as wat hy gevra het, aan te bied.

[Uit *Conflicting Missions: Havana, Washington, Pretoria* deur P Gleijeses]

**VRAAG 3: WAT WAS DIE REAKSIES OP DIE STIGTING VAN DIE BLACK PANTHER-PARTY IN DIE 1960's IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA?**

**BRON 3A**

Die uittreksel hieronder beskryf die stigting en strategieë van die Black Panther-party in die 1960's.

Een van die radikaalste Swartmag-groepe, die Black Panther-party, is in Oktober 1966 deur Huey Newton, 24 jaar oud, en Bobby Searle, 30 jaar oud, in Oaklands, Kalifornië, gestig. Newton en Searle is ideologies sterk beïnvloed deur Malcolm X en rewolusionêres soos Che Guevara, Frantz Fanon en Mao Zedong. Die beginselvereistes van die Panthers is in 'n tienpuntmanifes geïnkorporeer. Die aard van die manifes was nasionalisties. Individuele eise daarin sluit in: betaling van vergoeding aan swart Amerikaners deur die federale regering as vergoeding vir slawerny; kwytskelding aan swart Amerikaners van weermagdiens; en vryheid vir swart Amerikaners wat in federale, staats-, distriks- en stedelike gevangenisse aangehou word, tensy hulle deur 'n jurie van hulle eie portuurgroep in die swart gemeenskap verhoor is …

… Die Panthers het onderneem om die vlak van polisiegeweld en die teistering van swart gemeenskappe deur wetstoepassingsbeamptes te monitor. Hulle het ook 'n paramilitêre styl uniform van swart barette, ligblou hemde, swart leerbaadjies en swart langbroeke en skoene aangeneem. Hulle het daarby volstaan dat dit die konstitusionele reg van alle Amerikaanse burgers is om gewere te dra, soos uiteengesit in die tweede amendement van die Amerikaanse grondwet. Partylede het swaar gewapen in die openbaar verskyn en Panther-patrollies het polisiemotors in die ghetto's (townships/stedelike areas met 'n meerderheid swart Amerikaners) agtervolg. Dit het tot gespanne verhoudings met wetstoepassingsagentskappe en, in sommige gevalle, tot gewelddadige skietgevegte gelei.

[Uit *Black Civil Rights in America* deur K Verney]

**BRON 3B**

Hierdie bron is geneem uit 'n Kaliforniese koerant, *The Sacramento Bee*, wat op 2 Mei 1967 verskyn het. Die hoofopskrif lui: 'CAPITOL IS INVADED' ('KONGRES-GEBOU INGENEEM') en die onderopskrif lui: 'State Police Halt Armed Negro★ Band' (Staatspolisie Keer Gewapende Neger★-bende).



THE SACRAMENTO BEE

SACRAMENTO, CALIFORNIA, TUESDAY, MAY 2, 1967

CAPITOL IS INVADED

State Police Halt Armed Negro★ Band

11 MIGs Are Destroyed By US Jets

[Uit http://legallacuna.wordpress.com/2012/06/07/prospecting-in-the-martial-imaginary/. Toegang op 20 September 2017 verkry.]

**Staatspolisie Keer Gewapende Neger★-bende**

★ **Neger – 'n Afbrekende (neerhalende) term wat gebruik word om na swart Amerikaners te verwys**

**VERTALING:**

## KONGRES-GEBOU INGENEEM

**BRON 3C**

Die uittreksel hieronder beskryf die gemeenskaps- en politieke werk wat die Black Panther-party gedurende die 1960's in verskeie state in die Verenigde State van Amerika onderneem het.

Die Black Panther-party het teen 1970 amper 5 000 lede in meer as 20 state gehad. Panthers en ondersteuners was vanaf San Diego tot New Haven aktief in talle programme en diensprojekte … Die Panthers het baie pogings aangewend om in die fundamentele behoeftes van mense te voorsien. Hierdie programme het mense tot die party aangetrek meer as enige iets anders. Die Black Panther-party het teen 1969 gratis ontbytprogramme, wat weekliks 20 000 kinders gevoed het, in 19 plekke gehad. Die Panthers het vryheidskole ontwikkel asook die prysenswaardige gesondheidsklinieke wat gratis sekelseltoetsing ('n generiese siekte wat hoofsaaklik mense van Afrika-oorsprong affekteer) in Chicago, Portland, Los Angeles, New York en ander stede verskaf het.

Die Panthers het die National Committee to Combat Fascism gestig wat 'n breë versameling organisasies bymekaargebring het om die oorlog in Viëtnam, polisiegeweld en 'n reeks ander kwessies wat as skadelik vir swart Amerikaners beskou is, teen te staan … Die Panthers was aan die voorpunt van die rewolusie vir die jong en vasbeslote gewone lede van die party.

Die Panthers het oor die hele land versprei en duisende jongmense gelok om hulle te verbind tot die stryd op maniere wat net 'n paar organisasies vereis het … Verskillende groepe het verskillende kenmerke gehad wat provinsiale (plaaslike) sake weerspieël het … Die Black Panthers wou saam met die mense 'n pad na rewolusie stap, selfs al sou dit beteken dat sy lid die eerste tree moes neem.

[Uit *Black Power, Radical Politics and African American Identity* deur JOG Ogbar]

## BRON 3D

Die bron hieronder beskryf die stappe wat gedurende die 1960's deur die Federale Speurdiens (FBI) teen die Black Panther-party gedoen is.

Die FBI het die Black Panther-party self beskuldig (gekritiseer) as 'n groep 'kommunistiese misdadigers' wat daarop uit (vasbeslote) was om die Amerikaanse regering omver te werp.

Bewapen met daardie definisie en al die masjinerie van die federale regering, het J Edgar Hoover die FBI opdrag gegee om 'n veldtog te loods om die Black Panther-party geheel en al uit te wis (vernietig) en hy het opdrag gegee dat plaaslike polisiedepartemente moes help om dit te doen. Inderdaad, soos Hoover dit in 1968 gestel het, het die Party 'die grootste bedreiging vir die interne veiligheid van Amerika verteenwoordig' en hy het plegtig belowe dat 1969 die laaste jaar van daardie Party se bestaan sou wees … Feitlik elke kantoor en ander fasiliteit van die Black Panther-party is teen die einde van daardie jaar gewelddadig deur die polisie en die FBI aangeval … Daar was elke denkbare soort aanval op die party se maatskaplike programme en vernietiging van die party se eiendom. Tydens polisieklopjagte is die eiers van die ontbytprogramme gebreek, die party se kliniekvoorrade is verpletter (stukkend geslaan) en bondels van die party se koerante is vernietig. Die FBI se sogenaamde teenintelligensieprogram, bekend as COINTELPRO, het sy veldkantore en plaaslike polisie opdrag gegee om die party te vernietig deur middel van informante, lokvinke (moeilikheidmakers) en geheime aktiwiteite wat oproer (chaos) en moord ingesluit het.

Die party het nogtans oorleef en voortgegaan om sy oorlewingsprogramme op te bou wat nie net die gratis ontbytprogramme en gratis klinieke ingesluit het nie, maar ook onder andere kruideniersware wat weggegee is, die vervaardiging en verspreiding van gratis skoene, skool- en onderrigprogramme, senior vervoer- en diensprogramme, gratis busdienste na gevangenisse en gevangenesondersteunings- en regshulp-programme.

[Uit http://www.lebbunawi.tumblr.com/post/111798191610/black-panthers-party-18-freedom-by-any-means. Toegang op 20 September 2017 verkry.]

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Fensch, T. ed. 2001. *The Kennedy – Khruschev Letters* (New Century Books, The Woodlands, Texas)

Gleijeses, P. 2003. *Conflicting Missions: Havana, Washington, Pretoria* (Galago, Paarl)

http://history.state.gov/milestones/1969 - 1976/angola

http://ic.galegroup.com/ic/uhic/ReferenceDetailspage/ReferenceDetailsWindow?

http://legallacuna.wordpress.com/2012/06/07/prospecting-in-the-martial-imaginary

http://libguides.monroe2boces.org

http://www.lebbunawi.tumblr.com/post/111798191610/black-panthers-party-18-freedom-by-any-means

https://williamblum.org/chapters/killing-hope/angola

Mooney, M. 2006. *On the Brink: from the Bay of Pigs to the Cuban Missile Crisis* (HOT, University of California, Irvine)

Ogbar, JOG. 2005. *Black Power, Radical Politics and African American Identity* (Johns Hopkins University Press, Baltimore)

Verney, K. 2004. *Black Civil Rights in America* (Routledge, London)

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**GESKIEDENIS V1**

**2018**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 23 bladsye.**

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ŉ standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

__________ . __________________________ . __________________________
_______________________________________________ . ____________________

√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en ’n onafhanklike argument)

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne), vir elke hoofaspek/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne) en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PEEL struktuur in gedagte in die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/ŉ duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ŉ punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.3 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van ŉ opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ʌ
- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√
- Argument LOA ↕

## 2.5. Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING** → <br><br> **INHOUD** ↓ | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### * Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1 – 6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: WAAROM HET KUBA IN DIE 1960's DIE BRANDPUNT VAN DIE KOUE OORLOG TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE GEWORD?

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'Om Kubaanse uitgewekenes op te lei'
- 'Om Kuba in te val'
- 'Castro te verwyder' (enige 2 x 1) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'Guatemala'
- 'Nicaragua' (2 x 1) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*
- Kennedy het die Kubaanse probleem van Eisenhower oorgeërf / Kennedy moes Eisenhower se werk voltooi
- Om die VSA se mag en prestige oor Kuba te toon
- Kennedy wou gesien word as 'n sterk leier in die VSA en die hele wêreld
- Kennedy wou Castro verwyder en wou dit laat lyk asof die VS regering geen rol gespeel het in die inval nie
- Om die verspreiding van kommunisme te keer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.4 *[Verduideliking van 'n historiese konsep in Bron 1A – V1]*
- Amerika se poging om Kuba polities te beheer deur Castro te verwyder en demokrasie te implementeer
- Amerika het gepoog om sy kapitalistiese ideologie te versprei en te implementeer
- Amerika het gepoog om die verspreiding van kommunisme te keer
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- 'Gewapende aggressie het begin teen Kuba'
- 'Gewapende bendes wat hierdie land binnegeval het in die Verenigde State van Amerika opgelei, toegerus en bewapen is'
- 'Die vliegtuie wat Kubaanse stede bombardeer, behoort aan die Verenigde State van Amerika'
- 'die bomme wat hulle laat val, word deur die Amerikaanse regering verskaf'

(enige 3 x 1) (3)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1B – V2]*
- Khrushchev wou hê dat die VSA en die Sowjetunie moes saamwerk (onderhandel) om die krisis in Kuba op te los
- Khrushchev wou hê dat die VSA Kuba se soewereiniteit moes respekteer
- Spoor die VSA aan om in harmonie met Kuba te werk
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.3 *[Evalueer die bruikbaarheid van Bron 1B – V3]*
**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**

- Dit eerstehandse inligting (brief) gee van Nikita Khrushchev aan President Kennedy
- Die brief is geskryf tydens die Kubaanse inval, 18 April 1961
- Dit gee insig oor hoe die Sowjetunie Kuba ondersteun het onmiddellik na die inval van Kuba deur die VSA
- Dit lig toe hoe Khrushchev die VSA blameer vir aggressie teen Kuba
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3 *[Vergelyking van bewyse in Bron 1A en 1B – V3]*
- In Bron 1A wou die VSA Castro uit Kuba verwyder terwyl in Bron 1B die Sowjets toegewyd was om Castro as leier van Kuba te beskerm
- Bron 1A skets die VSA se plan om Kuba in te val en sy regering te ondermyn terwyl Bron 1B fokus op die Sowjetunie se toegewydheid om die Kubaanse regering te ondersteun
- Bron 1A dui aan hoe die VSA teen kommunisme in Kuba gekant was terwyl in Bron 1B die Sowjetunie ondersteuning aan Kuba bied
- In Bron 1A het Castro Kuba met Sowjettenks verdedig terwyl Bron 1B toon dat die Kubaanse bendes/uitgewekenes opgelei, toegerus en bewapen is met wapens wat deur die VS verskaf is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- 'Die Verenigde State nog steeds Kuba wou inval om sodoende ontslae te raak' (Castro)
- 'Regering te verander'
- 'Kubaanse Kommunistiese Rewolusie te vernietig' (3 x 1) (3)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C – V2]*
- Deur VS spioenasievliegtuie wat foto's geneem het op hulle verkenningsvlugte
- Uit die verslae wat die CIA verskaf het oor die bewyse van missielterreine in Kuba
- Deur verslae van Kubaanse vlugtelinge wat aangedui het dat terreine ontwikkel word vir die ontplooiing van Sowjetwapens aan Kuba
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- 'Verskrik/Geskok'
- 'Kwaad' (2 x 1) (2)

1.5.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*
- Om die aankoms van missiele in Kuba te blokkeer
- Om sy sterkte en mag aan die wêreld te vertoon en teen die Sowjetunie en sy aggressie op te staan
- Die VSA was bekommerd omdat hierdie missielbasisse gesien kon word as uitbreiding van Sowjet of kommunistiese invloed in Kuba
- Die ontplooiing van Sowjetmissiele na Kuba het 'n ernstige bedreiging vir die veiligheid van die VSA en sy burgers geword
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*
- Kuba het bedreig gevoel
- VS militêre basisse was geleë binne en buite Kubaanse grense, dit was 'n skending van haar soewereiniteit en onafhanklikheid
- Kuba het geïntimideerd gevoel deur die sterkte en mag van die VSA
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Die VSA was suspisieus oor Kommunistiese oorname in Kuba (Bron 1A)
- Die VSA het die gebruik van geld om Kubaanse uitgewekenes op te lei vir die inval in Kuba goedgekeur (Bron 1A)
- Kennedy het die inval in Kuba toegelaat om sodoende die mag en sterkte van die VSA te demonstreer (Bron 1A)
- Kuba was gekant teen Amerikaanse imperialisme en het selfbeskikkingsreg begeer deur kommunisme aan te gryp (Bron 1A)
- Khrushchev het 'n brief aan Kennedy geskryf waarin hy hom blameer vir die inval in Kuba (Bron 1B)
- Khrushchev het die VSA blameer vir die ignorering van samesprekings oor goeie verhoudinge tussen die VSA en die Sowjetunie (Bron 1B)
- Castro vra bystand van die Sowjetunie om 'n Amerikaanse inval te voorkom (Bron 1C)
- Verslae van Kubaanse vlugtelinge en CIA agente het 'n groeiende opbou van Sowjettroepe en gesofistikeerde wapens in Kuba aangedui (eie kennis)
- VS spioenasievliegtuie het 'n belangrike rol gespeel in die ontdekking van missielterreine wat in Kuba opgerig is (Bron 1C)
- Die Sowjetunie het missiele in Kuba ontplooi (Bron 1C en 1D)
- Die VSA het 'n vlootblokkade (kwarantyn) beveel om Sowjetskepe te keer om na Kuba te vaar (Bron 1D)
- Die VSA wou die verspreiding van kommunisme na Latyns-Amerika stop (eie kennis)
- Die Sowjetunie wou missiele naby die VSA ontplooi om sy sterkte te demonstreer (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor waarom Kuba in die 1960's die brandpunt van die Koue Oorlog tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie geword het**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor waarom Kuba in die 1960's die brandpunt van die Koue Oorlog tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie geword het**.<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor waarom Kuba in die 1960's die brandpunt van die Koue Oorlog tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie geword het**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE INMENGING DEUR BUITELANDSE MAGTE TUSSEN 1974 EN 1976 KOUE OORLOG-SPANNING IN ANGOLA VERERGER?**

2.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese konsep in Bron 2A – V1]*
- Politieke selfregering / selfbeskikking deur Angola van Portugese koloniale regering
- Dekolonisasie van Angola na die beëindiging van koloniale regering
- Oorhandiging van beheer van die Angolese regering aan bevrydingsbewegings deur die Portugese regering deur middel van die Alvor Ooreenkoms
- Angola het oor sy eie interne en eksterne beleid besluit
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- 'Popular Movement for the Liberation of Angola (MPLA)'
- 'National Front for the Liberation of Angola (FNLA)'
- 'National Union for the Total Independence of Angola (UNITA)' (3 x 1) (3)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- 'Angolese onafhanklikheid verleen'
- 'Voorsiening gemaak het vir 'n drievoudige magsdelingstelsel' (2 x 1) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*
- USSR het militêre opleiding en toerusting aan die MPLA verskaf terwyl die VSA die FNLA en UNITA in die Angolese burgeroorlog ondersteun het
- Beide die VSA en die USSR het oorlog aangevuur deur hulle voorkeur bondgenote met militêre bystand te ondersteun
- Die supermoondhede het die burgeroorlog in Angola gebruik om sy natuurlike hulpbronne uit te buit
- Beide die VSA en die USSR wou hulle ideologie promoveer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B– V1]*
- National Front for the Liberation of Angola (FNLA) (1 x 1) (1)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B– V1]*
- 'Opleiding van Angolese vegeenhede'
- 'Verkennings- en voorsieningsopdragte uitgevoer'
- 'CIA het meer as 'n miljoen dollar aan 'n ambisieuse huursoldaatprogram bestee'
- 'Amerikaanse huursoldate veg in Angola'
- 'Die CIA het ook die bewapening van Britse huursoldate gefinansier'

(enige 3 x 1) (3)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – V2]*
- Om die kommunistiese ideologie te diskrediteer en te ondermyn / om kommunisme in 'n swak lig te stel
- Om die verspreiding van kommunisme in Angola en ander Afrikalande te voorkom
- Om die verspreiding van kapitalisme te verseker en sy sukses te demonstreer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*
- Die Sowjetunie het 'n stewige houvas oor Angola (die groot Russiese hand wat Angola gryp)
- Die Sowjetgreep op Angola simboliseer Sowjetbeheer /Kommunistiese beheer
- Die Sowjetunie gebruik Angola as 'n pion in die Koue Oorlog teen die VSA
- Die Sowjetunie was fisies teenwoordig in Angola (getoon deur die hand wat in Angola is)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*
- Die VSA word uitgebeeld asof hulle oneffektiewe metodes gebruik om Sowjetbeheer oor Angola te voorkom (Kissinger slaan die Russiese hand liggies op die kneukels met 'n olyftak)
- Die VSA is nie gewillig om ten volle betrokke te raak in Angola nie (staan buitekant die landsgrense)
- Die VSA lyk magteloos in vergelyking met die Sowjetunie (relatiewe grootte van Kissinger in vergelyking met die hand van die Sowjetunie)
- Kissinger dra ʼn olyftak wat ʼn simbool van vrede uitbeeld en dat hy die konflik vreedsaam wou oplos
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D– V1]*
- 'MPLA' (1 x 1) (1)

2.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D– V1]*
- 'Die versoek wat deur die MPLA gerig is'
- 'duidelikheid verkry oor watter bystand ons moes verleen'
- 'Neto die militante solidariteit van ons Hoofkommandant gegee'
- 'Hom 100,000 dollar gegee' (enige 2 x 1) (2)

2.4.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2D – V2]*
- Om seker te maak dat die MPLA die Angolese burgeroorlog wen
- Om te verseker dat die MPLA goed voorbereid was
- Om dit te laat lyk asof Angola (MPLA) selfonderhoudend is
- Om kommunisme in Angola te verskans
- Gebrek aan ondersteuning deur die sosialistiese kamp om die MPLA te ondersteun
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4.4 *[Evalueer die bruikbaarheid van Bron 2D – V3]*
**Die Bron is BRUIKBAAR omdat:**

- Die Bron bevat direkte woorde van Diaz Aguelles wat 'n leier was van die Kubaanse afvaardiging na Angola in 1975
- Die Bron is uit 'n boek wat historici toegang gee tot argief- en onderhoudmateriaal
- Die Bron gee die perspektief van die Kubaanse afvaardiging wat help om te verduidelik waarom hulle in die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het
- Die Bron verskaf inligting oor die MPLA se versoek om bystand van Kuba
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5 *[Vergelyking van bewyse in Bron 2C en 2D – V3]*

- Bron 2C beeld die Sowjetunie uit asof hulle 'n stewige greep oor Angola het terwyl Neto in Bron 2D sê dat die Sowjetunie in 1972 opgehou het om hulle te help en dat hulle militêre hulp 'nietig' was
- In Bron 2C word die VSA (Kissinger) getoon as nie volledig betrokke in Angola nie (staan buitekant die land) terwyl Kuba in Bron 2D bewus was dat die VSA die FNLA bygestaan het
- Bron 2C (gepubliseer in November 1975) maak geen melding van enige betrokkenheid van Kuba in Angola nie terwyl Bron 2D dit duidelik stel dat Kuba sedert Augustus 1975 die MPLA in Angola bystaan
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Rusland, China en die VSA het hulp verleen aan verskillende bevrydingsbewegings (MPLA, FNLA en UNITA) in Angola (Bron 2A)
- Die Supermoondhede het militêre bystand aan hulle bondgenote na onafhanklikheid gelewer (Bron 2A)
- Die VSA verskaf hulp en opleiding aan die FNLA en UNITA (Bron 2B)
- Die CIA gebruik die pers/ joernaliste om die Sowjetunie en Kuba in onguns te bring (Bron 2B)
- Die VSA het die Sowjetunie gesien as 'n groot bedreiging vir Angolese stabiliteit (Bron 2C)
- Die MPLA het militêre hulp van Kuba gevra (Bron 2D)
- Kubaanse militêre personeel was verantwoordelik vir die opleiding van MPLA soldate (Bron 2D)
- Kuba het militêre personeel en toerusting verskaf (Bron 2D)
- Suid-Afrika, Frankryk het UNITA ondersteun (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die inmenging deur buitelandse magte Koue Oorlog-spanning tussen 1974 en 1976 in Angola vererger het**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die inmenging deur buitelandse magte Koue Oorlog-spanning tussen 1974 en 1976 in Angola vererger het**.<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe die inmenging deur buitelandse magte Koue Oorlog-spanning tussen 1974 en 1976 in Angola vererger het**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: WAT WAS DIE REAKSIES OP DIE STIGTING VAN DIE BLACK PANTHER-PARTY IN DIE 1960's IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA?**

3.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese konsep in Bron 3A – V1]*

- Trots in Afro-Amerikaanse kultuur en erfenis wat nie in die hoofstroom media, onderwys en literatuur bevorder is nie
- Selfverdediging deur swart Amerikaners in die konteks van polisiebrutaliteit en wit-oorheersde geweld
- Selfhelp in die konteks waar baie swart Amerikaners in armoede gelewe het, werkloos was en 'n gebrek aan toegang tot gesondheidsdienste gehad het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Huey Newton
- Bobby Searle (2 x 1) (2)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- 'Betaling van vergoeding aan swart Amerikaners deur die federale regering as kompensasie vir slawerny'
- 'Kwytskelding aan swart Amerikaners van weermagdiens'
- 'vryheid van swart Amerikaners wat in federale, staat, distrikte en stedelike gevangenisse aangehou word, tensy hulle verhoor is deur 'n jurie van hulle eie portuurs' (enige 2 x 1) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3A – V2]*

- Die Black Panthers het gepoog om die gesag van die polisie uit te daag, byvoorbeeld deur gewere te dra
- Die polisie was sterk gekant teen gewapende swart mense wat hulle aksies dophou en opneem
- Dit was die eerste keer dat 'n georganiseerde gemeenskapsgroep gedreig het om uit selfverdediging op te tree indien die polisie geweld of brutaliteit gebruik of onwettig optree
- Die polisie het geweet dat die Black Panthers sou skiet om dood te maak indien hulle of ander lede van hulle gemeenskap aangeval word
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*

- Dit gee te kenne dat die gebeurtenis beskou is as baie belangrik/nuuswaardig, ongewoon en skokkend en daarom was dit op die voorblad van die koerant
- Die *Sacramento Bee* was teen die doelwitte en aksies van die Black Panther-party gekant
- Die *Sacramento Bee* beeld hulle uit op 'n negatiewe wyse deur gebruik te maak van woorde soos 'invallers' en 'negerbende'
- Die hoofopskrif het die Black Panthers nie as egte burgers van die VSA beskou nie, daarom gee die verwysing na 'inval' te kenne dat dit 'n aanval van buite was
- Die koerant gee te kenne dat die lede van die Black Panther-party gewapen en gevaarlik was, hulle het gekies om 'n beeld van 'n Black Panther-lid wat 'n semi-outomatiese geweer dra op die voorblad te druk
- Die koerant wou die publiek se opinie op 'n negatiewe wyse teen die Black Panther-party draai en dit het geen poging aangewend om te verduidelik dat die Panthers probeer het om hulle konstitusionele regte te verdedig nie en daarom gewere gedra het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*
- Die koerant se hoofopskrif gee te kenne dat die Black Panther-party 'n wettelose organisasie/opstokers en vyande van die staat was deur woorde te gebruik soos 'KONGRESGEBOU INGENEEM'.
- Die Black Panther-party het getoon dat hulle manifes nie net woorde was nie maar dat hulle eintlik hulle beginsels geïmplementeer het
- Die Black Panther-party het sy reg om gewere te dra om die swart Amerikaanse gemeenskap te beskerm, verdedig
- Dit beeld die Black Panther Party uit as ŉ militante organisasie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3 *[Vergelyking van bewyse in Bron 3A en 3B – V3]*
- Bron 3A staaf dat die Black Panther-party 'n paramilitêre uniformstyl aangeneem het wat barette ingesluit het terwyl Bron 3B 'n lid van die Black Panther-party toon wat 'n baret dra en swaar gewapen is
- In Bron 3A maak die Black Panther-party aanspraak op sy konstitusionele reg om wapens te dra terwyl 'n lid van die Black Panther-party in Bron 3B met 'n geweer gesien word
- In Bron 3A word beweer dat die verhouding tussen die polisie en die Black Panther-party 'gespanne' was terwyl die hoofopskrif in Bron 3B dit stel dat die 'Staatspolisie keer Gewapende Neger Bende'
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- 'Die Black Panther-party amper 5 000 lede in meer as 20 state gehad'
- 'Vanaf San Diego tot New Haven was Panthers en deelnemers aktief in talle programme en diensprojekte'
- 'Weekliks 20 000 kinders gevoed het'
- ‘Oor die hele land versprei en duisende jongmense gelok’ (enige 2 x 1) (2)

3.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- 'Gratis ontbytprogramme in 19 plekke'
- 'Het vryheidskole ontwikkel'
- 'Gratis gesondheidsklinieke'
- 'Gratis sekelseltoetsing' (enige 3 x 1) (3)

3.4.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*
- Die Panthers was aktiviste, hulle het nie net gepraat oor verandering maar het dinge 'gedoen' om verandering te bring (polisiepatrollies, oorlewingsprogramme)
- Jongmense is geïnspireer deur die moed, vreesloosheid, vasberadenheid en militantheid van die Panthers
- Nie soos ander organisasies was die Panthers meer vasberade om te veg en hulle gemeenskappe te beskerm, dit het aanklank gevind by jongmense wat gefrustreerd geraak het met die benadering van die Burgerregtebeweging
- Die leerbaadjies, barette en veral die dra van gewere het baie jongmense aangetrek
- Die Panthers het jongmense die hoop gegee dat hulle deur middel van hulle aksies 'n beter toekoms vir hulleself kon bou
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- ‘Die FBI het die Black Panther-party veroordeel (gekritiseer) as 'n groep 'kommunistiese voëlvryverklaardes' (1 x 1) (1)

3.5.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3D – V2]*
**Hoover:**
- Het geglo dat die Black Panther-party probeer het om die VS regering in onguns te bring en te vernietig
- Het gevrees dat die Black Panther-party se taktiek kon lei tot 'n instorting van wet en orde
- Beweer dat die Black Panther-party se aksies onrus en 'n moontlike burgeroorlog in die VSA kon veroorsaak
- Was bekommerd dat die Black Panther-party kommunistiese ideologie sou versprei en die kapitalistiese sisteem in die VSA ondermyn
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- ‘Die Black Panther-party is gewelddadig deur die polisie en die FBI aangeval’
- ‘Daar was elke denkbare soort aanval op die party se maatskaplike programme’
- ‘Vernietiging van die party se eiendom’
- 'Het eiers van die ontbytprogramme gebreek'
- 'Die Party se kliniekvoorrade vermorsel'
- 'Vernietiging van bondels van die Party se koerante' (enige 2 x 1) (2)

3.5.4 *[Evalueer die bruikbaarheid van bewyse in Bron 3D – V3]*
**Die Bron is BRUIKBAAR omdat:**

- Dit help om te verduidelik waarom daar so baie spanning tussen die Black Panther party (BPP) en die FBI was
- Die beklemtoon hoe die FBI *informante en lokvinke* gebruik het om die BPP te diskrediteer
- Die inligting beklemtoon dat FBI agente aktief probeer het om die BPP van binne te vernietig, bv. dit het die party se gratis kliniekvoorrade verpletter
- Dit is baie jare na die gebeure saamgestel en het die voordeel dat nakennis nuwe inligting oor die rol van die FBI na vore gebring het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne - V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Die BPP het gewapende patrollies tot standgebring om hulle gemeenskappe te verdedig teen polisiebrutaliteit wat gespanne verhoudings met wetstoepassings-agente tot gevolg gehad het (Bron 3A)
- Die media (koerante) het gereageer op die BPP se dra van wapens uit selfverdediging deur hulle te bestempel as 'invallers' en ''n Negerbende' (Bron 3B)
- Die BPP moedig jongmense aan om te verenig, terug te veg en hulle gemeenskap te beskerm en dit lei tot groot ondersteuning van die party (Bron 3A en 3C)
- Duisende jongmense is aangetrek na die Black Panther-party as gevolg van sy beleid (Bron 3C)
- 'n Breë versameling van organisasies het die Black Panther-party ondersteun deur die oorlog in Viëtnam teen te staan (Bron 3C)
- Swart Amerikaners het die BPP ondersteun en is bevoordeel uit sy selfhelp Gemeenskapsprogramme (Bron 3C en 3D)
- Die FBI het die Black Panther-party veroordeel as 'n groep 'kommunistiese voëlvryverklaardes' (Bron 3D)
- Die FBI loods 'n propagandaveldtog teen die Black Panther-party (Bron 3D)
- Die FBI het alles in sy vermoë gedoen om eiendom en programme van die Black Panther-party te vernietig (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip om die reaksies op die stigting van die Black Panther-party in die Verenigde State van Amerika in die 1960s te verduidelik**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip om die reaksies op die stigting van die Black Panther-party in die Verenigde State van Amerika in die 1960s te verduidelik**.<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer 'n deeglike begrip om die reaksies op die stigting van die Black Panther-party in die Verenigde State van Amerika in die 1960s te verduidelik**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: GEVALLESTUDIE – CHINA

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede]*

SINOPSIS

Kandidate moet die implementering van Mao Zedong se beleid van die 'Groot Sprong Vorentoe' en die 'Kulturele Rewolusie' tussen 1957 en 1969 in die Volksrepubliek van China krities bespreek.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet krities bespreek of Mao Zedong se beleid van die Groot Sprong Vorentoe en die Kulturele Rewolusie suksesvol geïmplementeer is.

UITBREIDING

- Mao Zedong se implementering van die Eerste Vyfjaarplan / Honderd Blomme-veldtog (Agtergrond slegs kortliks)

**Die Groot Sprong Vorentoe**

- Implementering van die Tweede Vyfjaarplan (Groot Sprong Vorentoe) in 1958, sy doelwit was om industriële en landbouproduksie in China te verhoog
- Om alle vorme van private onderneming te beëindig
- Bevorder die kollektivisering van koöperatiewe (plase)
- Deel met teenkanting teen kollektivisme deur die kragdadige amalgamasie van plase
- Statistieke van produksie uitkomste is oordryf om die sukses van die beleid te 'bewys'
- Hoë belasting op plaasprodukte lei tot ontevrede kleinboere en afname in produksie
- Het staatgemaak op ongeskoolde arbeid (landbouers) vir industriële produksie eerder as wetenskaplikes en ingenieurs. Dit lei tot 'n afname in produktiwiteit in die industriële sektor
- Werkers moes lang ure werk om produksie te verhoog
- Mao se poging om yster- en staalproduksie te verhoog in agterplaashoogoonde, het gelei tot minderwaardige kwaliteit van yster en staal -
- Die Groot Sprong Vorentoe was 'n klaaglike mislukking na 3 jaar van implementering
- Mao Zedong was nie in staat om die sterfte van miljoene mense van hongersnood te stop nie
- Mao Zedong het weer kapitalisme slegs in sekere sektore ingestel
- Mao Zedong bedank as President van China (1959) maar bly aan as Voorsitter van die Kommuniste Party (handig gesag oor aan President Liu Shaoqi en Deng Xiaoping om ekonomiese sake te hanteer)
- Enige ander relevante antwoord

**Die Kulturele Rewolusie**

- Ingestel in 1966 om gesag te herstel wat verlore geraak het as gevolg van die mislukking van die Groot Sprong Vorentoe
- Het die Kommunistiese Party gebruik om die regering se gesag te verseël
- Het weer die nasionalisering van swaar industrieë ingestel
- Fokus op die beginsels van die totstandkoming van 'n klaslose samelewing
- Stig die Rooi Wagte om met opponente van die Kommunistiese Party af te reken
- Gebruik die Rooi Wagte om ou gewoontes en houdings te verander (Vier Oues)

- Stel die Klein Rooi Boekie bekend om die gedagterigting van kritici te verander en kommunisme te bevorder
- Om kommunisme af te dwing is skole, universiteite en kolleges gesluit en met kritici afgereken
- Dit laat ŉ generasie sonder formele onderrig
- Elimineer sleutelbeamptes (Xiaoping & Liu Shaoqi) en word die alleenregeerder van China in 1966
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet aandui tot watter mate Tanzanië meer suksesvol as die Kongo was om die politieke, ekonomiese en maatskaplike uitdagings waarmee hulle na onafhanklikheidswording in die vroeë 1960's gekonfronteer is, te oorkom.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur aan te dui tot watter mate Tanzanië meer suksesvol as die Kongo was om die politieke, ekonomiese en maatskaplike uitdagings waarmee hulle na onafhanklikheidswording in die vroeë 1960's gekonfronteer is, te oorkom.

UITBREIDING
Kandidate moet 'n standpunt inneem en sê of Tanzanië meer suksesvol as die Kongo was in die optrede teen verskeie uitdagings.

**Politieke uitdagings:**
- Beide die Kongo en Tanzanië was onder Europese koloniale regering in die vroeë 1960's
- Na veelparty-verkiesings het beide lande eenparty-state binne die eerste vyf jaar, na die verkryging van onafhanklikheid, geword
- Die kwaliteite van goeie leierskap: dit het die onderhou van die regsorde ingesluit, om na die belange van burgers om te sien, om vry en regverdige veelparty-verkiesings te hou, om die burger- en menseregte van alle mense te beskerm, om politieke stabiliteit en nasionale samehorigheid te bevorder
- Mobutu Sese Seko (Kongo) het mag oorgeneem deur middel van 'n militêre staatsgreep terwyl Julius Nyerere (Tanzanië) verkies is
- Beide Mobutu Sese Seko en Nyerere het eenparty-state in hulle onderskeie lande ingestel
- Nie een van die twee lande het vry en regverdige veelparty-verkiesings gehou nie. Beide het gevoel dat hierdie regeringsvorm meer toepaslik was vir Afrika as 'n Westerse demokratiese styl
- In beide lande is opposisie partye stilgemaak en daar was bewyse van inhegtenisname en menseregteskendings vir die wat teen die regering gepraat het
- Die tydperk na onafhanklikheidswording in die Kongo was gekenmerk deur geweld en politieke oproer terwyl in Tanzanië daar min konflik was na onafhanklikheid en die land het polities stabiel gebly
- Die Kongo was erg verdeel oor etniese grense heen met leiers wat met mekaar gekompeteer het; Onder Nyerere se leierskap was Tanzanië verenig as 'n enkele land, hy het 'n nasionale identiteit aangemoedig en daar was baie min etniese konflik
- Beide leiers het die belangrikheid van Afrikanisasie van hulle politieke stelsels aangemoedig (hulle het demokrasie beskou as 'on-Afrika' en 'n Westerse instelling)
- Beide Mobutu Sese Seko en Nyerere was trots om hulle nasies op te bou en het kragtig die trots om 'n Zaïrees of Tanzaniër te wees
- Die leiers van beide lande het 'lewenslange presidente' tussen die 1960's en 1970's gebly

- In beide lande is opposisieleiers stilgemaak, in hegtenis geneem en in sommige gevalle doodgemaak om 'stabiliteit' te behou
- Mobutu Sese Seko het 'n kleptokrasie gevorm waar aangestelde politieke amptenare hulle posisie misbruik het vir finansiële gewin terwyl Nyerere 'Kode vir Leiers' ingestel het in die Arusha Verklaring wat hoë vlakke van integriteit van politieke amptenare vereis het
- Mobutu Sese Seko was uitspattig en het duur klere gedra en paleise gebou terwyl Nyerere se leierskapstyl een was van persoonlike integriteit en nederigheid
- Mobutu Sese Seko het hom vereenselwig met die Weste terwyl Nyerere 'n beleid van ongebondenheid aanvaar het met nog kapitalistiese lande nog kommunistiese lande
- Enige ander relevante antwoord

**Ekonomiese uitdagings:**

- Die Kongo en Tanzanië het enkel-produkte van hulle onderskeie koloniseerder oorgeërf
- Met onafhanklikheidswording het die Kongo en Tanzanië 'n tekort gehad aan 'n lewendige vervaardigingsnywerheid
- Die Kongo en Tanzanië het 'n paar gekwalifiseerde tegnici en ingenieurs gehad
- Mobutu en Nyerere het die grond en nywerhede genasionaliseer om rykdom eweredig te versprei
- Nog die Kongo nog Tanzanië het oliereserwes gehad en het albei 'n ekonomiese krisis beleef toe die oliepryse in die 1970's gestyg het
- Beide Mobutu (1970s) en Nyerere (1980s) het besluit om sektore van die ekonomie te privatiseer as gevolg van 'n ekonomiese krisis
- Beide lande het lenings van die buiteland en buitelandse organisasies aanvaar; vanaf die 1960's het die Kongo finansiële hulp van die kapitalistiese Weste aanvaar; terwyl Tanzanië vanaf die 1980's gedwing was om Wêreldbank-lenings te aanvaar en onderwerp was aan strukturele ontwikkelingsbeleid
- Nog die Kongo nog Tanzanië het daarin geslaag om 'n betekenisvolle vervaardigingsindustrie te ontwikkel
- Beide die Kongo en Tanzanië het afhanklik gebly van die uitvoer van landbouprodukte en minerale
- Beide die Kongo en Tanzanië het gesukkel om ekonomies te ontwikkel
- Die Kongo het 'n kapitalistiese ekonomiese stelsel aanvaar; terwyl Tanzanië 'n sosialistiese ekonomiese model aanvaar het
- Die Kongo het van die vroeë 1960's swaar gesteun op buitelandse hulp en kundigheid; terwyl Tanzanië gepoog het om selfonderhoudend te wees en neokolonialisme verwerp het
- Die Kongo het daarna gestreef om die ekonomie te industrialiseer en 'n vervaardigingsbasis te ontwikkel; terwyl Tanzanië sy landboubasis uitgebou het met sy villagisation beleid en Ujamaa
- Die Kongo se ekonomie is gekarakteriseer deur elitisme en nepotisme; terwyl Tanzanië korrupsie van regeringsamptenare verminder het deur 'n 'Kode vir Leiers'
- Die ekonomie van die Kongo het groot verskille in rykdom tussen rykes en armes geproduseer terwyl Tanzanië gepoog het om ekonomiese ongelykheid te minimaliseer
- Enige ander relevante antwoord

**Maatskaplike uitdagings:**
Onderwys
- Beide lande het koloniale onderwysstelsels oorgeërf en Eurosentriese waardes bevorder
- Beide lande is uitgedaag deur tekorte aan vaardighede, slegs 'n paar tegnici en ingenieurs was beskikbaar
- Beide lande is Europese geskiedenis en tale geleer; Afrika-inhoud is beskou as minderwaardig en is nie aangebied nie

Tanzanië:
- Het Swahili (plaaslike taal) bo Engels bevorder
- 'n Massiewe geletterdheidsveldtog is ingestel wat 'n drastiese val in ongeletterdheid (van 80% tot 20%) tussen 1961 en 1981 tot gevolg gehad het
- Nyerere het 'Opvoeding vir Selfstandigheid' (1967) opgestel wat basiese geletterdheid in primêre skole in alle plattelandse gebiede bevorder het

Kongo:
- Het slegs 14 universiteit gegradueerdes oorgeërf
- Het sy hoër onderwys stelsel uitgebrei
- Het primêre onderwys tussen 1960 en 1974 verhoog van 1.6 miljoen tot 4.6 miljoen mense
- Frans het die onderrigtaal gebly in die Kongo en nie soos Swahili in Tanzanië nie

Afrikanisasie:
- Villagisation (Ujamaa) in Tanzanië aanvaar tradisionele gemeenskapswaardes wat op selfstandigheid gebaseer is
- Zaïrenasie in die Kongo het ervare Belgiese menslike hulpbronne vervang met plaaslike mense en het Europese name met plaaslike name vervang, bv. Kongo na Zaïre
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat.

**[50]**

## VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede]*
SINOPSIS
Kandidate moet aandui of sitbetogings die enigste vorm van nie-gewelddadige protes wat in die 1960's suksesvol deur burgerregte-aktiviste gebruik is om segregasie en diskriminasie in die VSA te beëindig.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
Inleiding: Kandidate moet aandui of hulle saamstem dat sitbetogings die enigste vorm van nie-gewelddadige protes was wat effektief deur die Burgerregtebeweging in die 1960's gebruik is om segregasie en diskriminasie in die VSA te beëindig.

**Indien kandidate nie saamstem met die bewering wat gemaak is nie behoort die volgende aspekte in hulle antwoord ingesluit te word:**

UITBREIDING

- **Montgomery bus-boikot** verwys (1955) (Slegs agtergrond)
- **Sitbetogings** (vanaf 1960): vier studente in Greensboro sit by 'n slegs-blanke toonbank; die aantal studente neem daagliks toe; Sitbetogings versprei oor die suide; die rol van die SNCC (Student non-violent Coordinating Committee); Sitbetogings versprei na Leesbetogings (Read-ins), Stapbetogings (Wade-ins) ens. (impak: restauranttoonbanke is in die somer van 1961 vir alle rasse in die VSA geopen)
- **Vryheidsryers**: Swart Amerikaners en Wittes van die Noorde het ritte begin om segregasie in die busstelsel uit te daag; hulle is aangeval, gebombardeer en in hegtenis geneem; hulle het geen beskerming van die polisie ontvang nie. President Kennedy is gedwing om hulle te beskerm; Die Federale regering het op 1 November 1961 'n bevel uitgereik wat alle openbare fasiliteite tussen state gedesegregeer het
- **Die Birmingham Veldtog (1963**): Massabetogings het rasse segregasie en ekonomiese uitsluiting van swart van Amerikaners uitgedaag; het 'n kinderoptog ingesluit; het met gewelddadige aksies van die polisie gepaardgegaan. Kennedy het op die rasse diskriminasie in die VSA gereageer; Op 10 Mei 1963 het Birmingham aangekondig dat alle munisipale fasiliteite gedesegregeer moes word
- **March na Washington (Augustus 1963)** is bygewoon deur 250 000 mense om gelykheid in werke te versoek; dit was beroemd want Martin Luther King Jnr. het sy 'I Have a Dream speech' gelewer. Dit het betekenisvol bygedra tot die ondertekening van die Burgerregtewet van 1964
- **Vryheidsomer (1964):** Meer as 70 000 swart Amerikaanse vrywilligers het geregistreer en het in vryheidskole in Mississippi geletterdheid aangebied; hulle is gekonfronteer met ernstige geweld deur segregasioniste en polisiebeamptes. Dit het bygedra tot die ondertekening van die Burgerregtewet van 1964
- **Selma tot Montgomery Optogte (1965):** Swart Amerikaners wou stem; hulle het te doen gekry met polisiebrutaliteit wat tot die 'Bloody Sunday' gelei het, dit het tot die uitvaardiging van die Stemregwet van 1965 gelei
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou